# Gebedsbulletin No. 37 van 2025

## 14 September 2025

Vaalpark Geloofsfamilie NG Kerk

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Moenie ’n “aangestotene” wees nie

Almal neem deesdae aanstoot. Verwys jy na ouens, dan is die vrouens ongelukkig. Praat jy van dames en here, dan voel die res benadeeld. Laat jy toe dat ’n dame voor jou instap by ’n deur, dan is jy seksisties. Vermaan jy iemand by die werk of by die skool wat hulle huislike omstandighede as verskoning voorhou hoekom sekere opdragte nie afgehandel is nie, dan is jy onsimpatiek. Roep jy droogmakers op om hulle lewe te belyn volgens die Here se norme, dan is jy veroordelend of “judgmental,” soos wat die Engelse sê.

Ons leef in ’n samelewing wat “aangestoot” soos wat ek die term *offended* vir myself sou wou vertaal. Later weet niemand meer wat om te sê nie, want almal trap blykbaar op almal se tone. Almal is deesdae slagoffers van almal. Almal is seergemaak.

Voordat jy my verkeerd hoor – ons het nie die reg om onsensitief te praat nie. Of om ongeskik eerlik te wees nie. Ons mag nie sê wat ons wil wanneer ons wil nie. Die Here leer ons in die Bybel om met respek teenoor Hom en teenoor ander te leef. Maar Hy gee ook aan ons onderskeidingsvermoëen iets soos *common sense*.

Daarom moet ons ook mekaar se goeie bedoelings raak hoor, al kom ons woorde en dié van ander, soms krom en skeef oor ons lippe. Ons dans nie gedurig rondom almal vanaf die werk tot by die kerk om mekaar tevrede te probeer hou nie. Ons is eerlik genoeg om te sê wat ons moet sê, sonder om dit met venyn te doen.

***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Spokie Vorster
Pierre Pienaar
Juanita Rossouw
Marelize Harrison
Marcel Holtzhausen
Bradley Bam
Baba Elliana Kotzé
Monty Pienaar
Judy Roux
James Vermaak
Tannie Bettie Smit
Rassie van Deventer
Tannie Nelie van Tonder
Oom Piet Pretorius
Marina Visser
Marius vd Westhuizen
Janine Vorster
Jan-Harm Pretorius
Bets Botha
Piet Loggerenberg
Marlie Holtzhauzen
Natasja van Zyl
Laura Viegas
Ds Fritz Kotzé

## Dank Gebede



-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN







## Gedagte vir die week




Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in